

Sing vooraf staande: Psalm 25:4, 5 (p. 116)

- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;
wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Skriflesing: Genesis 18:16-33; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

Kernvers: Genesis 18:23-25

Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: “sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig? Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor vyftig regverdiges daarin nie? U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?”

(Genesis 18:23-25 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 1 – Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ’n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.

Tema: Hoe werklik is God vir jou?

Hy sluit ons lewe en gebede by sy regverdige regering in

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, baie gelowiges worstel met dieselfde vrae as waarmee Abraham geworstel het toe die Here sy besluit oor Sodom aan hom bekend gemaak het. Is God regverdig om 'n hele stad te verwoes, en dan nog die regverdiges saam met die kwaaddoeners te tref? Weeg die kwaad van die meerderheid dan swaarder as die getrouheid van die bietjie regverdiges? Sal ons voorbidding enige verskil maak aan God se regering van die wêreld? Hierdie is oeroue vrae wat deur Christene die wêreld oor gevra word. Dit is vrae wat gaan oor die Wese van God en die verantwoordelikheid van die gelowiges.

In vers 16 tot 21 openbaar God al iets oor sy Wese en werk aan ons en ook iets oor die gelowiges se verantwoordelikheid. Daar hoor ons dat God met feite werk. Die Here sal sondaars nie straf voordat Hy self 'n bevinding oor die sonde gemaak het nie. Dit het God aan Abraham geopenbaar, want die gelowige het 'n verantwoordelikheid. Gelowiges se verantwoordelikheid is om die kinders en ander mense te leer hoe regverdig God is en hoe regverdig Hy te werk gaan.

Nou gaan die Here verder met sy openbaring in verband met sy Wese en ons verantwoordelikheid. Nadat die Here aan Abraham gesê het dat Hy na Sodom toe afgaan om ondersoek in te stel, het die twee engele van die Here verder na Sodom toe gereis. Die Here het egter by Abraham bly staan. Die Here het Sodom se sonde aan Abraham genoem, nie net sodat Abraham en sy nageslag moet weet dat God die sonde haat nie. En die Here het ook nie by Abraham bly staan omdat Hy graag in Abraham se geselskap wou wees nie. God het Sodom se sonde genoem en by Abraham bly staan, want Hy wou hoor hoe die liefde en ontferming wat Hy al aan Abraham bewys het, in hom neerslag gevind het. Die Here het vir Abraham met sy woorde en optrede genooi om voorbidding te doen vir Sodom en Gomorra.

Abraham kon natuurlik soveel anders gehandel het, want hy is net 'n sondaarmens. Hy kon deur die kennis oor wat die Here in Sodom gaan doen, homself verhef het. Hy kon homself hoogmoedig gestel het bo die sondige Sodom. Hy het immers ook geweet hoe dit in Sodom gaan. Lot het daar gewoon. Hy kon in eiegeregtigheid bygevoeg het dat dit die ongehoorsame Sodom se verdiende loon sal wees as die Here hulle verdelg. Maar nee! Abraham het deernis vir mense en hy is besorg oor die sondige stede. Die Heilige Gees dring Abraham om met opregte bewoënheid vir die regverdiges by God in te tree.

Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig? Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor die vyftig regverdiges daarin nie? (Genesis 18:23 AFR83)

Abraham is nie net God se kind nie; hy is nog meer – hy is vriend van God. Daarom het die Here sy besluit aangaande Sodom aan hom bekend gemaak. Abraham gebruik hierdie vertrouwe wat die Here in hom het om met vrymoedigheid tot God te nader. Here, U is die Regter van die hele aarde. U het seggenskap ook oor Sodom en Gomorra. As U Sodom met die verdiende oordeel tref oor hulle sonde, is U regverdig. Maar U sal tog verseker reg laat geskied ook in Sodom en Gomorra. U sal tog nie onregverdig wees en die regverdiges saam met die goddeloses ombring nie, al is daar net vyftig regverdiges in die stad?

Ons moet onthou: Regverdige mense is nie sondeloos en volmaak nie. Regverdige mense is mense wat deur God se groot genade hulleself nie aan hulle eie grenslose sondige begeertes of aan die sondigheid van die wêreld oorgegee het nie.

Op hierdie smeekgebed hoor Abraham toe die lofwaardige antwoord uit die mond van die Here self: **As Ek vyftig regverdiges in Sodom kry, sal Ek die hele plek spaar oor hulle** (Genesis 18:26 AFR83). Ons God is regverdig. Hy sal die reg laat geskied. Hy sal nie die regverdiges op dieselfde

manier as die goddeloses behandel nie. En ter wille van die regverdiges sal Hy ook aan die goddeloses genade betoon deur die hele plek te spaar. Die regverdiges sal tot seën wees vir die goddeloses.

Hierop gaan Abraham se vrymoedigheid verder. Miskien is daar nie eers vyftig regverdiges nie. Dalk is daar net vyf en veertig of veertig of dertig ... of net tien regverdiges in die hele Sodom en Gomorra. Sal U dan steeds die stad vernietig? En telkens hoor Abraham die antwoord. Oor die regverdiges sal Ek die plek nie vernietig nie. Selfs al is daar net tien regverdiges in die hele stad te vinde, sal Ek die hele plek spaar.

Hoor u hoe groot die genade van ons God is, geliefdes? Voorwaar, God is regverdig. Ons God is begaan oor die gelowiges wat saam met die goddeloses moet ly. Hy is so begaan oor hulle dat Hy selfs bereid is om die verdiende oordeel oor die sonde af te keer. Hy is selfs bereid om goddelose mense wie se sonde ten hemele skree, te spaar, as daar selfs so min as tien regverdiges in die stad te vind is. Gelowiges is immers op die aarde, in die eerste plek, om dank aan God te bewys, en in die tweede plek om tot seën te wees vir die mense rondom hulle. Die feit dat die regverdiges gewillig en bereid is om vir hulle God te leef, strek tot seën vir die ongelowiges. Die kwaad van die meerderheid weeg beslis nie swaarder as die getrouheid van die klein klompie gelowiges nie. Gelowiges is die sout van die aarde en 'n mens het nie baie sout nodig om smaak te gee nie. Daarom het ons gelowiges, al is ons net 'n handjie vol, 'n groot rol om te vervul in 'n wêreld vol kwaad en geweld.

Maar, my liewe broers en susters, dan moet die gelowiges waarlik sout van die aarde en 'n lig vir die wêreld wees. 'n Stad of 'n land kan nie op God se genade aanspraak maak as die gelowiges net lippediens verrig nie. Om net te sê dat jy glo, is nie genoeg nie. Wat jy sê, moet in jou hele menswees duidelik word. As jy sê dat jy 'n Christen is, moet jy met jou hele hart, met jou hele siel, met jou hele verstand en met al jou kragte Christen wees. Sout moet waaragtig sout wees, anders kan dit nie smaak gee of bederf teenwerk nie.

Ons bekla maklik en graag ons benoudheid en angs oor al die onreg, geweld en goddeloosheid in ons eie land. Maar op grond daarvan dat die getrouheid van 'n klein klompie gelowiges baie swaar by God weeg, moet ons onself afvra: Is ons werklik sout en lig soos wat ons God en Verlosser bedoel dat ons moet wees? Of bedryf ons maar 'n lippediens aan God? Is ons werklik sout en lig omdat God nog soveel geduld en genadetyd aan hierdie land van ons gee? Onthou, dit is gedagtig aan sy ware kinders dat God nog nie hierdie land en wêreld totaal vernietig het nie. Omdat Abraham geweet het dat God regverdig is en weet dat God se regverdigheid inhou dat Hy die sonde nie kan verdra nie, daarom het hy tot die Here gebid oor die stad Sodom. Ons ken Hom mos ook as regverdig. Ons bely dit dan hier in die eerste artikel van ons belydenis. Bid ons nog vir ons land en stad tot die Here omdat ons Hom as die regverdige God ken?

Ons hoor ook van die Here se genade in verband met die gebede van gelowiges. Die Here het met sy woorde en optrede Abraham daartoe genooi om voorbidding te doen vir Sodom en Gomorra. God wou hê dat Abraham voorspraak moes doen vir die twee stede en Hy wou ook hê dat Abraham so moes aanhou, ja, selfs tot ses keer by die Here smee om die stede te spaar.

Die Here word nie moeg vir ons smeking nie. Hy wil juis dat ons Hom aanhoudend moet vra. Daaruit blyk dit dat ons van die Here afhanklik is. Hy wil trouens ook hê dat ons voorbidding moet doen. Bid vir alle mense dat God hulle harte sal aanraak met sy Gees en Woord. Bid dat die afgedwaaldes en afvalliges tot die besef sal kom dat die lewe net by God in Christus te vinde is. Bid dat God nog genadetyd aan ons sal skenk, sodat ons waarlik soos sout en lig in hierdie land sal lewe om aan die afgedwaaldes en afvalliges Christus te kan verkondig. Omdat God voorbidding van ons verlang, moet ons versigtig wees dat ons nie in ons gebede te veel op onself ingestel raak nie. Wanneer ons te veel op onself ingestel is in ons gebede, vergeet ons van ons verantwoordelikheid

ten opsigte van die wêreld.

Maar nou kom die vraag by 'n mens op: Sal ons voorbidding enige verskil aan God se regering maak? Het Abraham se voorbidding enige verskil aan God se regering gemaak ...? Lees 'n mens Genesis 19, besef 'n mens dat Abraham se gebed nie God se raad verander het nie. Maar het die Here dan Abraham se gebed verhoor as Hy die stede in elk geval met vuur en swael getref het? Ja, die Here het Abraham se gebed verhoor. Daar was nie eers tien regverdiges in die stad sodat die Here die stad kon spaar nie. Maar die Here het die stede nie met die oordeel getref voordat Lot en sy vrou en dogters daaruit weggevlug het nie. Ter wille van Lot en sy dogters het die Here die oordeel teruggehou totdat hulle veilig buite die stad was. Die vrou van Lot het egter nie veiligheid bereik nie, want haar hart was aan die stad verkleef. Daarom het die oordeel van die Here haar ook getref. Sy was nie een van die regverdiges nie. Aan die einde van Genesis 19 sien ons dat daar op die ou end net een regverdige in Sodom was – Lot.

Tog moet ons versigtig wees met die vraag oor ons gebede en God se raadsplan. Die Here het nie sy raadsplan aan Abraham bekend gemaak nie. Hy het slegs aan Abraham gesê dat Sodom se sonde baie groot is. Nooit het God voor Abraham se gebed gesê dat Hy Sodom en Gomorra gaan verdelg nie. Maar omdat Abraham God ken as die heilige en regverdige God van die hele aarde en omdat hy self geweet het dat Sodom se mense hulle aan die grensloosheid van die sonde oorgegee het, het hy geweet dat hulle nie ongedeerd van God se besoek sal afkom nie. Daarom het hy hom verootmoedig en God gesmeek om genade vir die twee stede te hê. Abraham het nie God se raadsplan geken nie.

Ons weet ook dat die Here op ander plekke in die Skrif openbaar dat sy raad vas bly staan. Wat die Here besluit het, sal gebeur. Nou bly die vraag steeds: Het ons voorspraak enige effek? Geliefdes, juis omdat ons nie God se raadsplan ken nie, want dit is sy verborge wil, is die vraag of ons gebede 'n effek op Hom het, ongeldig. God wil nie hê dat ons sy verborge wil ken nie. Hy wil hê dat ons sal doen wat Hy aan ons geopenbaar het. Hy wil dat ons voorbidding moet doen. Want, hoewel ons gebede nie sy raad verander nie, voer God tog sy raad uit in gemeenskap met sy kinders. Daarom het ons gebed 'n plek in God se regering.

Om maar net twee voorbeelde te noem hoe ons gebede plek het in God se regering. Dit was in God se raad dat kommunisme in Rusland en Oos-Europa tot 'n einde sal kom. Menige Christene het in hierdie lande en oor die wêreld gebid en God gesmeek dat die Godloënende kommunisme tot niet moet gaan. Hulle het onophoudelik gesmeek sonder dat hulle geweet het dat dit wel God se wil is. 'n Tweede voorbeeld: Dit was in God se raad dat Suid-Afrika nie in 'n bloedbad sou ontaard na die 1994-verkiesing nie. Sonder dat ons dit geweet het, het ons God aanhoudend gesmeek om 'n vreedsame verandering. Dit, geliefdes, is maar twee voorbeelde van hoe ons gebede in God se regering ingesluit is.

'n Verdere saak wat uit Abraham se voorbidding duidelik word, is die ootmoed wat hy openbaar. Hy bid wel met baie vrymoedigheid vir die twee stede, maar vergeet nie een oomblik dat dit 'n groot stuk genade is om by God om uitkoms te smee nie. Abraham besef dat hy maar net stof en as is, daarom is dit soveel te meer genade om dit te kan waag om met die Here te praat. Abraham se ootmoed bring hom daartoe dat hy die regverdigheid van God vooropstel in sy gebed. God is almagtig en heilig, daarom sal Hy regverdig wees om die sonde met die verdiende oordeel te tref. Ondergeskik aan die regverdigheid van God is Abraham se begeerte na die genade van God vir die stede. Omdat God regverdig is, smee Abraham om genade vir die stede ter wille van die regverdiges daarin.

Broers, susters en kinders, die gelowige wat 'n intieme, persoonlike verhouding met die Here ons God het, sal met so 'n groot vrymoedigheid God in gebed kan nader. Maar omdat die Heilige Gees

ons in so 'n intieme, persoonlike verhouding met God laat groei, bring dit mee dat ons besef hoe 'n groot genade dit is om tot die almagtige, regverdige God te mag bid. Ons buig dan soveel te meer dieper neer in ons siele, want ons besef ons is maar net stof en as wat die voorreg het om tot God in gebed te nader.

Geliefdes, soos Abraham is ons ook God se vriende. In sy groot genade het Hy ook aan ons 'n kykie op sy Wese en werk gegee. Hy laat ons sien hoe ons lewe en gebede in sy regering ingesluit is. Hy het ons op ons verantwoordelikheid gewys. Ons weet dat God regverdig en heilig is. Hy laat die sonde nie ongestraf bly nie. Ons weet ook dat Hy 'n ander weg gevolg het om die kwaad te oorwin sodat mense gered kan word in plaas van dat al die mense op die aarde verdelg word. Omdat Hy die sondaar in die lewe wil hou, het Hy die straf op Homself geneem toe Hy sy Seun aan die kruis laat spyker het. Jesus Christus het ons lyding op Hom geneem. Oor ons oortredings is Hy deurboor en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Dit het God gedoen omdat Hy God is en nie 'n mens nie. Omdat Hy God is, het Hy die verdiende en regverdige oordeel afgekeer en genade betoon. Geliefdes, ons is getuies van hierdie genade. Ons was oud en afgeleef deur ons sonde, maar deur sy Seun en Gees het Hy ons nuut gemaak. Hy laat ons 'n baie intieme, persoonlike verhouding met Hom beleef terwyl ons net stof en as is.

Omdat ons so baie genade en liefde ontvang het, wees ons as ons hierdie liefde en genade vir onself hou. Wees ons as ons onself in hoogmoed verhef en vermakerig spot oor die regverdige oordeel wat die goddeloses aan die einde van die tyd gaan tref.

Mag die Gees ons so vernuwe dat ons nog meer en meer 'n intieme, persoonlike verhouding met die almagtige God beleef. Dan sal ons ook met vrymoedigheid sout en lig wees, met vrymoedigheid God nader in gebed vir die dorp en land waarin ons woon. En in diepe ootmoed sal ons besef watter genade dit is om tot God te mag bid, want God het ons lewe en ons gebede in sy regverdige regering ingesluit.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 5 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 Junie 2012